DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

**NG GEMEENTE KOGELBERG**

ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

# Baie welkom...

Iemand het by geleentheid gesê dat ons omgewing (die Kogelberg Kusstreek) beslis die voorportaal van die hemel moet wees. En wat 'n besondere voorreg is dit nie om in hierdie pragtige omgewing te woon nie!

Ons hoop dat jy sommer baie gelukkig gaan wees hier en dat jy ook by ons gemeente 'n tuiste sal vind waar jy kan inskakel om God te aanbid en te dien. Om dit vir jou 'n bietjie makliker te maak, gee ons graag vir jou die volgende basiese inligting deur. Een van ons DIENSWERKERS sal ook met jou in verbinding tree en jou help met die inskakeling in die gemeente.

Jy kan natuurlik sommer self ook met ons kerkkantoor skakel. Hulle sal graag help en wag vir jou oproep om jou direk met jou dienswerker of wyksouderling in verbinding te bring. Skakel enige tyd tussen 09:00 en 13:00 op 'n weeksdag ☎ 028 271 3470. Daar is ook 'n HERDER ('n afgetrede dominee) wat verantwoordelikheid neem in jou omgewing. Die dienswerker of kerkkantoor sal jou ook help met sy kontakinligting.

## EREDIENSTE



Jy het seker al agtergekom dat ons elke Sondag 3 eredienste het...

- Die erediens in die kerkgebou in 4de Laan begin om 09:30.
- Ons Kuierkerk is byna elke Sondag in die kerksaal in 1ste Laan. Hierdie erediens is meer informeel en gerig op gesinne met kleiner kinders, maar almal is natuurlik ook daar welkom. Die erediens begin om 09:00 en na die erediens kom die kategesegroepe (geloofsgroepe) van ons kinders bymekaar.
- En in Bettysbaai is daar ook elke Sondag om 09:00 'n erediens in die Gemeentesentrum in Pillansiaweg.





Natuurlik is Desembervakansies in die omgewing lekker bedrywig en daarom word ons eredienste meer. Hierdie inligting word deur middel van 'n spesiale vakansie-program (Die Seeumeeu) bekendgestel.

Ons gemeente is in drie streke verdeel:

- Die Hangklipstreek sluit Rooiels, Pringlebaai en Bettysbaai in.
- Die Seestreek is die gebied onder Hoofweg, van Palmiet af tot by die hoofstrand.
- Die Bergstreek beslaan die gedeelte bokant Hoofweg en sluit Heuningkloof en Arabella in.

## ONS LERAAR EN HULPLERAAR



Ons gemeente word deur een voltydse leraar, ‘n hulpleraar en ‘n aantal herders bedien. Ons voltydse leraar is ds Heinrich Carstens (en sy vrou, Jeanne Marié) en hulle woon in die pastorie in 4de Laan.



In die Hangklip streek help ons hulpleraar, ds Leopold van Huyssteen (en sy vrou, Riana) ons met die bediening van die lidmate en hy neem ook leiding by die meeste eredienste in die Gemeentesentrum in Bettysbaai.

Kontak met ons lidmate is vir ons baie belangrik en daarom is daar verskillende maniere waarop ons as leraars binne die raamwerk van Artikel 9 van die Kerkorde werk aan die verhoudinge in die gemeente. Indien daar enige dringende of ernstige behoefte van jou kant is, kan jy gerus vir di Heinrich of Leopold skakel en vra: “Kom maak asseblief by my ‘n draai?” So gou as wat ons dagboeke dit toelaat sal ons ‘n plan maak om by jou uit te kom.

Jy kan natuurlik ook vir die dienswerker vra om te reël dat die predikant of herder na jou toe kom. Die dienswerker sal dit graag doen, maar jy weet mos dat langer kommunikasielyne soms dinge so bietjie vertraag. Of jy kan sommer by die erediens in die offergawesakkies net ‘n briefie met ‘n besoekversoek gooi en die kerkkantoor sal sorg dat die leraars dit kry.

## AFGETREDE PREDIKANTE & HERDERS

Ons gemeente is bevoorreg om ‘n hele aantal afgetrede predikante (emeriti) te hê wat help met die leiding van eredienste. In die Kleinmondstreek het ons verder ook 10 van die emeriti gekontrakteer om as herders (volgens Efes 4:11) spesifiek te help met die pastorale versorging van lidmate in samewerking met die ouderlinge en voltydse leraar. Die herders is ‘n belangrike skakel in die bou van onderlinge verhoudinge in die gemeente. Van ons afgetrede predikante neem ook leiding by sommige van ons diensaksies.

## WYKSOUDERLINGE

Wyksouderlinge neem verantwoordelikheid vir die geestelike versorging van die wyk. Dit behels siekebesoek, voorbidding, bemoediging uit die Skrif, ondersteuning en hulp met reëlings tydens sterftes. Alhoewel daar nie van hulle verwag word om gereeld by almal uit te kom nie, is dit tog die ideaal dat die wyksouderlinge goeie verhoudinge met wykslede sal opbou. Hierin speel veral ons kwartaallikse wyksbyeenkomste (soos op die gemeentekalender aangedui) 'n groot rol. Kontak gerus jou wyksouderling of herder vir meer inligting hieroor.

## DIENSWERKERS

Ons dienswerkers is die gesig van die gemeente. Hulle is die persone wat gereeld by jou sal uitkom en primêr met jou 'n verhouding gaan bou. Hulle wil jou ondersteun wanneer jy deur 'n moeilike tyd gaan met siekte of in enige ander opsig. Hulle sal ook sorg dat die wyksouderling en/of herder by jou uitkom wanneer dit nodig is. Verder samel hulle dankoffers in by lidmate wat per kwitansie bydra en deel inligtingstukke, koeverte en nuusblaaie uit. En natuurlik wil ons dienswerkers ook deel in jou vreugde en feeste. Hiervoor maak meeste wyke gebruik van WhatsAppgroepe om in mekaar se lief-en-leed te deel.

## DIAKENS EN OUDERLINGE

Die diakens en ouderlinge wat op die Kerkraad dien, het elkeen 'n spesifieke opdrag. Hulle is die voorsitters van die verskillende diensaksies (die diakens) en kommissies (die ouderlinge) of neem leiding by die onderskeie Wykskerkrade.

## ANDER DIENSAREAS

Hieronder is 'n lys van sommige van ons diensaksies of werksaamhede. Jy sal sekerlik 'n plekkie kry waar jy jou eie talente en gawes tot eer van ons Koning kan uitleef. Kom raak betrokke en word deel van die Kleinmond-Geloofsfamilie:

- Diensverhoudinge
- Admin & Kommunikasie
- Finansies
- Eiendomme
- Gasvryheidsbediening
  - Sosiale funksies
  - Basaars
  - Deurry-ete-projekte
  - Gemeente-etes
- Getuienisbediening
  - Betrokke by verskeie aksies
- Barmhartigheidsbediening
  - Caritas-projek
  - Sopkombuis
  - Omgee-boetiek
  - Fynbos Dienssentrum
- Eko-bediening
- Koor

## SOSIALE MEDIA & KONTAKBESONDERHEDE

Volg gerus ons sosiale media...

[NGK Kogelberg]

[ngkkogelberg]

Of kontak ons by...

+27 76 134 7157

+27 28 271 3268

+27 28 271 3470

[info@ngkogelberg.co.za]

Ons gemeente glo dat ons geroep is om:

- draers van Sy Lig,
- verskilmakers met Deernis en
- ambassadeurs van Hoop te wees.




Hierdie roeping word uitgebeeld in ons baniere...

en ook in ons logo hieronder (wat simbool is van die drie bedieningspunte van ons gemeente en natuurlik die Drie-Eenheid van Vader, Seun & Gees).

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

NG GEMEENTE KOGELBERG

*ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA*

Jy kan jou dankoffer deur Snapscan gee, elektronies oorbetaal na NG Kerk Kleinmond, ABSA – 322 015 0320 of met jou dienswerker reël vir 'n koevert.

Groetnis en nogmaals welkom!

Heinrich Carstens